



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NATIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

NOVEMBER 2012

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

| | | |
|-------------|--|------|
| AFDELING A: | Opstel | (50) |
| AFDELING B: | Langer transaksionele teks | (30) |
| AFDELING C: | Korter teks: Naslaan-, informatiewe en transaksionele tekste | (20) |

2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.

3. Skryf in die taal wat geassesseer word.

4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.

5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloiediagram of sleutelwoorde, ensovoorts. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elkeen van die afdelings skryf.

6. Alle beplanning moet duidelik aangedui word. Trek 'n streep deur die beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.

7. Beplan jou tyd só:

| | |
|-------------|-----------|
| AFDELING A: | 80 minute |
| AFDELING B: | 40 minute |
| AFDELING C: | 30 minute |

8. Nommer elke teks soos dit in die vraestel genummer is.

9. Skryf die titel/opskrif van elke teks boaan jou skryfstuk neer.

10. Dui die getal woorde aan die einde van jou skryfstuk aan.

LET WEL: Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.

11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

- Kies EEN onderwerp en skryf 250–300 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

1.1


**'N VAKANSIEDAG WAT EK NOOIT
SAL VERGEET NIE!**

Jy hou baie van vakansiedae, want jy en jou gesin doen altyd iets spesiaals op so 'n dag. Daar is egter één spesifieke vakansiedag wat jy nooit sal vergeet nie.

Skryf 'n opstel waarin jy vertel wat daardie spesifieke dag gebeur het, waar dit gebeur het en hoe die gebeurtenis jou en jou gesin se lewens beïnvloed het.

[50]

1.2

'N GROOT TELEURSTELLING!


[Uit: *Huisgenoot*, 22 Desember 2011]

Jy het die mooiste foto's met jou nuwe digitale kamera geneem. Toe het die kamera weggeraak en daarmee saam die foto's van die spesiale geleentheid. Jy was baie teleurgesteld.

Skryf 'n opstel hieroor.

[50]

1.3 **BEHOORT LEERDERS 'N DERDE TAAL
OP SKOOL TE LEER?**



Suid-Afrika het elf amptelike tale. Om 'n goeie burger van hierdie land te wees, behoort 'n mens ten minste drie van hierdie elf tale te kan praat. Dit beteken dat leerders op skool drie tale behoort te leer. Stem jy saam hiermee?

Skryf 'n opstel waarin jy jou opinie gee.

[50]

1.4 **EK HET DOELWITTE OM IN DIE TOEKOMS TE BEREIK!**



[Uit: <http://www.google.com>]


Jy is uiteindelik klaar met matriek. Jy het DRIE doelwitte vir jouself gestel wat jy na skool wil bereik.

Skryf 'n opstel waarin jy verduidelik watter DRIE doelwitte jy vir jouself vir die toekoms gestel het. Vertel ook hoe jy dit gaan bereik, selfs al moet jy sekere dinge in die toekoms anders doen.

[50]

1.5

Verkies tieners selfone bo geselskap?



[Uit: Vrouekeur, 27 Januarie 2012]

Is dit so dat tieners deesdae eerder met hulle selfone besig raak as om met familie en vriende te kuier of te gesels?

Skryf 'n opstel hieroor.

[50]

1.6

Kies EEN van die volgende visuele tekste en skryf 'n opstel daaroor. Gee jou skryfstuk 'n titel. Jou opstel moet direk by die prent aansluit.

1.6.1

[Uit: google <http://www.google.com>]

[50]

1.6.2



[Uit: *Re a ipela*, 2006]

[50]

1.6.3



[Uit: <http://www.google.com>]

[50]

TOTAAL AFDELING A: 50

AFDELING B: LANGER TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

2.1 FORMELE BRIEF

[Uit: <http://www.google.com>]

Die gemeenskap op jou dorp wil hê dat die munisipaliteit hulle moet help om groen te leef – hulle gaan water en krag bespaar, bome plant, groentetuine maak en die omgewing skoon hou.


Skryf 'n **formele brief** aan die munisipale bestuurder waarin jy hom/haar vertel van die gemeenskap se besluit en sê ook hoe die munisipaliteit die gemeenskap met hierdie projek kan help.

[30]

2.2 TOESPRAAK: FORMEEL



Verwerk: Moeder Teresa



[Uit: <http://www.google.com>]

Die onderwyser wat die matriekafskied reël, het jou gevra om die spreker vir die aand te wees.

Skryf 'n **toespraak** waarin jy die matriekleeders aanmoedig om volgens Moeder Teresa se woorde te leef.

[30]

2.3 DIALOOG

[Uit: <http://www.google.com>]

Jou vriend/vriendin wou onlangs selfmoord pleeg, maar jy kon dit regkry om hom/haar van plan te laat verander.

Skryf die **dialoog** wat tussen julle twee plaasgevind het.

[30]

2.4 SKOOLKOERANTARTIKEL

[Uit: *Huisgenoot*, 22 Desember 2011]

Elke jaar wil matriekleerders spesiale baadjies hê om anders te lyk as die res van die skool. Baie ouers kla dat dit te duur geword het.

Skryf 'n **artikel** vir jou skoolkoerant hieroor.

Gee jou koerantartikel die onderstaande opskrif:

Is daardie matriekbaadjie regtig nodig?

[30]

TOTAAL AFDELING B: 30

**AFDELING C: KORTER TEKST: NASLAAN-, INFORMATIEWE EN
TRANSAKSIONELE TEKSTE****VRAAG 3**

Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.

Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan die skryfstuk neer.

3.1 ADVERTENSIE

[Uit: *Huisgenoot*, 22 Januarie 2012]

As deel van 'n gemeenskapsprojek het jy en 'n paar vriende besluit om die ouetehuis op julle dorp skoon te maak en te verf. Julle wil graag die ander jongmense op die dorp vra om met hierdie projek te kom help.

Ontwerp 'n **advertensie** (A4-grootte) waarin jy die ander jongmense op julle dorp oor hierdie projek inlig en hulle uitnooi om betrokke te raak.

[20]**3.2 POSKAART**

Jy is een van die leerders uit jou provinsie wat gekies is om saam met die President van Suid-Afrika 'n byeenkoms vir jongmense by te woon.

Skryf 'n **poskaart** aan jou beste maat waarin jy vertel van jou ervarings, wat julle gedoen het en wie jy ontmoet het.

Teken die poskaart in jou ANTWOORDEBOEK oor en skryf jou boodskap volledig uit.

| | |
|--|----------------|
| | POSSEËL |
| | |
| | |
| | |
| | |
| | |

[20]

3.3 INSTRUKSIES

[Uit: *Clipart*]

Jy het by jou ouers toestemming gekry om ná die matriekafskeid 'n partytjie by julle huis te hou. Hulle het egter duidelike instruksies gegee oor wat jy en jou vriende mag doen en nie mag doen nie.

Skryf die TIEN **instruksies** neer wat jou ouers vir jou en jou maats gegee het.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100